Praktica

Leer Sentrum



# Prospektus

*Die leer sentrum met ‘n verskil!*


Praktica



# Inhoudsopgawe


3 Voorwoord & Uitnodiging

4 Kenmerkend aan Praktica Leer Sentrum en Baba& Kleuter Kampus

5 Visie & Missie


6 Leer Sentrum & Baba en Kleuter Kampus en ander reëls

7 Praktica Leer Sentrum

9 Algemene reëls

Ongelukkig en ontevrede?

Kommunikasie





# Voorwoord & Uitnodiging

Die direksie wil hiermee graag 'n hartlike uitnodiging rig aan elke ouer wat al bekommernis gehad het oor naskool toesig en naskool aktiwiteitsbestuur.

Hierdie prospektus omskryf kortliks die etos en werkswyse van Praktica Leer Sentrum vir voornemende en bestaande ouers van die sentrum.

Ons leer sentrum is sentraal geleë in Rustenburg en sy deure het die eerste keer oopgemaak vir die publiek in Julie 2015. Die visie van die leer sentrum was om ondersteuning te bied aan ouers en kinders wat die behoefte verstaan van naskoolse toesig en beheer.

Die leer sentrum bied gehalte naskoolse onderrig met toegewyde personeel in graadverband. Beperkte klas groottes verseker individuele aandag.

Praktica Leer Sentrum moedig selfwerksaamheid aan met 'n ondersteuningstruktuur vir areas waar hulp benodig word.

Skakel gerus met die leer sentrum bestuur of direksie as u enige verdere inligting verlang of aansoek wil doen vir toelating.

*Direkteure: Anéle Janse van Rensburg / Carlene Tinderholm*



# Kenmerkend aan Praktica Leer Sentrum en Baba & Kleuter Kampus

Praktica Leer Sentrum en Baba & Kleuter is 'n onafhanklike sentrum met die volgende kenmerkende eienskappe:

***Gevestig***: Die leer sentrum bestaan uit naskoolse onderrig vir Graad R tot Graad 8. Baba & Kleuter Kampus bestaan uit voorskoolse onderrig vir babas en kleuters vanaf 3 maande tot 5 jaar. Onbeskik oor ons eie terrein en het reeds `n gevestigde infrastruktuur.

***Selfstanding***: Voortdurende uitbou en verbetering van fasiliteite is ons strewe.

***Toeganklik***: Praktica Leer Sentrum en Baba & Kleuter Kampus is geleë op die hoek van Unie en Piet Grobler straat (agter Vastrap Laerskool).

***Bekostigbaar***: Tariewe word so laag as moontlik gehou sonder om die selfstandige voortbestaan van die sentrum in gedrang te bring.

***Fasiliteite***: Huislike omgewing en ruim groen terrein. Sandpit, fyn en groot motoriese speelterrein, fietsiebaan, bordspeletjies, fantasies speel area en oor hoofse projektor om lang ure korter te maak. Gr R tot Gr 3 (Junior) en Gr 4 tot Gr 8 (Seniors) word in 2 groepe verdeel om sodoende beter beheer en toesig te verseker.

Ons dien die Afrikaanse en Engelse gemeenskap en fokus daarop om elke kind die geleentheid te gee om sy volle potensiaal te bereik.

Met ons huislike omgewing en ruim groen terrein streef ons daarna om elke leerder tuis en veilig te laat voel.

*Indien u ons grondslag, ons strewes en oogmerke onderskryf, nooi ons u vriendelik uit om by ons aan te sluit ter wille van u kind se opvoeding.*



# Visie

Praktica Leer Sentrum en Baba & Kleuter Kampus, streef daarna om leerders te ontwikkel tot elke leerder se individuele potensiaal. Leerders se totaliteit word ontwikkel in 'n Christelike waarde sisteem gegrond op kwaliteit nasorg, selfdissipline en wedersydse respek.

Die leer sentrum en Baba & Kleuter Kampus se taak is om saam met onderwyservenote:

- 'n Naskoolse onderrig omgewing te skep waar kinders hulself in 'n veilige omgewing kan uitleef.
- Leerlinge as selfstandige volwassenes voor te berei.
- Leerlinge voor te berei as gebalanseerde volwassenes in die samelewing.
- Om dissipline te kweek van 'n multi-funksionerende samelewing.



# Missie

- 'n Kultuur te skep waar deur deurlopende evaluering sal verseker wat standaarde verhoog.
- Effektiewe bestuur en administratiewe stelsels daar te stel.
- Soveel moontlike geleenthede op verskillende gebiede aan leerlinge te bied.
- Ten alle tye professioneel en met hoë integriteit op te tree.

# Leer Sentrum en Baba & Kleuter Kampus Reëls en ander Reëls

Ons grondreëls is gebasseer op bybelse waardes en daarom is onchristelike gedrag ook 'n oortreding van die leer sentrum se reëls.

## *Praktica Baba & Kleuter Kampus*

### Aflaai van kinders en Afhaal van kinders

- Kinders moet met ouers invergesel word en oorhandig word aan die personeel lid aan diens.
- Ouers moet kinders aanteken in register boek.
- Slegs ouers moet kinders kom afhaal, spesiale reëlings kan getref word deur die ouer by die betrokke personeel lid.
- Voog wat kinders kom afhaal soos gereël is met personeel lid moet bewys van identiteit lewer.
- Geen kind sal aan enige voog oorhandig word sonder bogenoemde.

### Program

- `n Vooraf uitgewerkte leerprogram word gevolg.

### Middagete

- Weereens is dissipline en persoonlike higiëne aan die orde van die dag.
- Gebalanseerde etes word in die oggend en middag voortgesit wat voorafgaan met 'n tafel gebed.
- Gesonde versapperinge word ook deur die loop van die dag aangebied.

### Buitespel

- Ons beskik oor areas vir fyn en groot motoriese spel, asook fantasie spel.
- Kuns klassies word ook aangebied in ons buitelug kunsklas.
- Ons streef daarna om `n huislike omgewing te skep waar kinders huiself kan uitleef en ook vryspel kan geniet.

### Addisionele aktiwiteite

- Die volgende aktiwiteite is ingesluit by die maandelikse skoolgelde:
- Musikgarten
- Catrobatkidz

### Vakansie program

- Tydens elke skoolvakansie bied ons `n vakansie program aan.
- Daar is handvaardigheid en liggaamlike aktiwiteite wat per dag aangebied word deur personeel.

### Skoolfooie

- Verskeie pakkette is beskikbaar per ouderdomsgroep.
- `n Registrasie fooi per leerder per jaar word gehef.
- Fooie is `n maand vooruit betaalbaar.
- `n Benodighede lys per ouderdomsgroep word uitgedeel in die begin van die jaar waar sekere items aangekoop word deur die ouers.

### Kantoor ure

- Kantoor ure daagliks van 7h30 uur tot 12h00.

### Skooltye

- Die Kleuterskool is weeksdae oop van 6h30 uur tot 17h30.

# Praktica Leer Sentrum

## Afhaal van kinders en aantree vir naskool

- Leerlinge tree dadelik na afsluiting van die skooldag aan in `n spesifieke geïdentifiseerde area.
- Leerders word ingewag deur Praktica Leer Sentrum persoon wat ontvangs neem van die leerder volgens `n register.
- Na ontvangs stap leerders in klasverband onder toesig saam met die spesifieke graad verteenwoordiger na die Sentrum.
- Met aankoms word elke leerder ingeteken en afwesigheid van leerder word bevestig met personeel en ouers.

## Middagete


- Weereens dissipline en persoonlike higiëne aan die orde van die dag.
- Gebalanseerde etes word elke middag voorgesit wat voorafgaan met `n tafel gebed.
- Leerders wat nie tydens middagete teenwoordig is nie en spefieke reëlings vir naskoolse aktiwiteite getref het se middagetes word uitgehou.

## Werksprogram

- Na afloop van middagete gaan leerders uitmekaar in klasverband om sodoende die 1ste middag sessie te begin.
- Prioriteit word gegee aan huiswerk, leerwerk en take in hierdie volgorde van belangrikeid.
- Leerders word in klasverband besig gehou tot alle opdragte voltooi is voordat buitespel kan plaasvind.
- Elke leerder word voorsien van 'n werksboek waarin daaglikse aktiwiteite gedoen word vir ouers kontrolering.
- Addisionele lees word ten minste eenkeer per week aangebied.

## Toetse en eksamen reëlings

- Tydens toets en eksamen tye sal leerders voorsien word van `n toets en/of eksamen rooster.
- Leerders word ook voorsien van afbakenings en opsomming per vak soos benodig.
- Leerders word ook voorsien van vraestelle en opdragte ter ondersteuning van die voorbereiding wat gedoen word.
- Tydens toets en eksamen tye sal voorbereiding vir toetse en eksamen voorkeur geniet.



## Buitespel

- As gevolg van die aandagspan van leerders in verskillende grade word buitenspel die ooreenkomstige beplan en gewysig.
- Ons streef daarna om uurliks `n kort breek van buitespel in te pas.
- Tydens hierdie tydperk van buitespel is daar `n versnappering beskikbaar in die vorm van vloeistof en of `n vrug.

## Buitemuurse aktiwiteite

- Aktiwiteite word gekoördineer deur die Sentrum bestuurder.
- Ouers van leerders voorsien die sentrum met `n aktiwiteits rooster per leerder wat die bestuurder in staat stel om leerders stiptelik te besorg by hul aktiwiteite.
- `n Aktiwiteits bord word gebruik om aktiwiteite te kontroleer en beweging van leerders.
- Betrokke Praktica personeel sal die leerders vergesel na hul aktiwiteite en verseker dat hul weer afgehaal word en veilig terug besorg word by die sentrum.
- Geen leerders sal buite die perseel toegelaat word indien daar nie vooraf met bestuur gereël en bevestig is nie.

## Afhaal van leerders

- Leerders word uitgeteken deur ouers en/of spesifieke persone soos gereël met bestuur.
- Geen kind word toegelaat om weereens buite die perseel alleen rond te loop nie.
- Geen kind word toegelaat om namens hul ouers hulself uit te teken nie.

## Vakansie program

- Tydens elke skoolvakansie bied ons `n opvoedkundige vakansie program aan vir eie ingeskrewe leerders sowel as kuiermaats.
- Die program behels 2 gebalenseerde maaltye en 2 versnapperings per dag.
- Daar is handvaardigheid  en liggaamlike aktiwiteite wat per dag aangebied word deur personeel.

## Addisionele wiskunde

- Addisionele wiskunde klasse word teen ekstra koste per kind aangebied op versoek van ouers.
- `n Onderwyser wat bekend is met die skool kurrikulum word gebruik om die klasse te fasiliteer.
- `n Rooster gevolg om sodoende elke leerder te akkomodeer.
- Opvang klassies sal die ooreenkomstig gereël en kommunikeer word.
- Tydens toets en eksamen tye word spesifiek gefokus op voorbereiding vir die spesifieke dae.

## Skoolfooie

- Verskeie pakkette is beskikbaar per graad.
- `n Registrasie fooi leerder per jaar word gehef.
- Fooie is `n maand vooruit betaalbaar.
- Addisionele fooie word gehef tydens vakansie periodes sou leerders verkies om die program by te woon.

## Kantoor ure / Naskool ure

- Kantoor ure daagliks van 10h00 uur tot 12h00.
- Naskool ure daagliks van 12:h30 uur tot 17h30.



## Addisionele dienste

- *Hierdie dienste is nie verpligtend nie maar is beskikbaar by die skool om u lewe te vermaklik:*

## Happie pakkies:

- Beskikbaar in vooraf verpakte week pakkette.
- Pakkette sluit `n verskeidenheid verversings in wat volgens `n spesifieke wenslys gepak kan word.
- Doel van hierdie pakkies is om die besige mamma te help om `n vinnige gesonde kospakkie gereed te hê vir die volgende skooldag.
- bestellings en betalings moet vooruit gedoen word in kantoor.

## Knippie dag:

- Beskikbaar elke 1ste Vrydag van die maand deur `n gekwalifiseerde haarkapper.
- Gelde moet inbetaal word by die kantoor voor die diens gelewer kan word.
- Doel van hierdie pakkies is om die besige mamma te help om `n vinnige gesonde kospakkie gereed te hê vir die volgende skooldag.
- bestellings en betalings moet vooruit gedoen word in kantoor.



## Arbeidsterapeut / Speelterapie:

- *Die Sentrum verwys na professionele opgeleide terrapeute indien die skool voel dat leerders ekstra aandag nodig het sal ouers in kennis gestel word.*

**Kinderpartytjies:**

- Praktica Leer Sentrum en Praktica Baba & Kleuter perseel is beskikbaar oor naweke vir privaat kinderpartytjies.
- Vooraf bespreek en betaalbaar by kantoor.

# Algemene Reëls

'n Ordentlike Sisteem van dissiplinêre reëls en regulasies is in plek om die goeie verhoudings, samewerking en wedersydse respek tussen ouers, personeel en leerders te verseker.

# Ongelukkig en Ontevrede?

Indien u ons bewus wil maak dat u nie tevrede is met 'n deel van die program/diens wat ons aanbied nie, is u meer as welkom om dit direk aan die eienaars te noem.

Mede ouers kan nie die probleem oplos nie, dus bespreek dit met die mense wat onmiddelik iets daaraan kan doen.

# Kommunikasie



Praktica kommunikeer graag op 'n kwartaallikse basis deur middel van 'n nuusbrief.

Ons maak ook gebruik van 'n funksionerende "whatsapp" groepie om daaglikse aktiwiteite en reëlings deur te gee en te koördineer.

'n Sagteware pakket word gebruik vir die uitstuur van rekening asook groep "sms" kommunikasie soos benodig.

Kinder ontwikkeling lê ons baie na aan die hart en daarom verwelkom ons oop kommunikasielyne tussen Praktica en ouers.






Tel: 014 592 0073
Sel: 083 455 9564 | 084 515 7003
E-pos: navrae@praktica.co.za
Adres: 31 Piet Grobler Straat | Rustenburg | 0299

www.praktica.co.za